

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING TOT DIE ONDERSOEK

1.1. INLEIDING

Die historiese aanvang van die mens–dierband word vanuit verskeie dissiplines gedebatteer. Van die belangrikste bydraes om die ontstaan hiervan te dokumenteer, kom vanuit die Antropologie en Argeologie. Morey & Wiant (1992:282) meen dat opgrawings van hondegrafte toon dat daar reeds solank as 8000 jaar gelede 'n affektiewe verhouding tussen die mens en die hond bestaan het, terwyl Mithen (1999:201), Odendaal & Weyers (1990:21-30), Robinson (1995:1-6) en Swabe (1999:157) dit selfs verder terugvoer. Volgens hierdie bronne is van die vroegste aanduidings van 'n emosionele band tussen mens en dier te vind in opgrawings wat dateer uit die paleolitiese tydperk (10 - 12 000 jaar gelede). Hierdie opgrawings is onder andere dié van 'n menslike skelet wat dié van 'n klein hondjie omhels en 'n skelet van 'n bejaarde persoon wie se hand op 'n hond rus.

'n Psigologiese benadering tot die mens–dierband is deur Barba (1993:29) gevolg. Sy kom tot die gevolgtrekking dat die motiewe vir die vorming van die band van die kant van die mens op twee gelyke vlakke van behoeftebevrediging lê naamlik, die behoefte aan versorging, intimiteit, aanraking, spel, humor en rou, en die behoefte aan dominansie, mag, moraliteit, sekuriteit en nuttigheid. Swabe (1999:25 & 36) is van mening dat mens–dierinteraksie die gevolg is van 'n proses van domestisering.

Domestisering is egter 'n dinamiese proses wat steeds besig is om plaas te vind en wat voortdurend verander om aan te pas by die veranderende behoeftes van mense en diere. Die proses van evolusie het verder bygedra tot die verandering in mens–dierinteraksie en word deur Swabe soos volg gestel: “During the course of human evolution those interactions diversified as animals came to play new roles in society. Indeed, the course of our biological and cultural evolution is indeed intimately tied up with the emergence of those new inter-species relationships”. 'n Meer filosofies-religieuse benadering kry ons by Clark (1997:167-168): “We are not of another, radically different kind. Ties of loyalty may bind us to particular

non-humans as much as to humans. When we open our eyes to see the reality of another creature, and so learn to respect its being, that other creature may as easily be non-human". Die omvang van die studieveld word hierin gereflekteer deurdat verskeie dissiplines geraak word deur die uiteenlopende behoeftes van mense en diere en hul interaksie met mekaar. Die omskrywing van die aard en betekenis van die mens–dierband kan dus vanuit verskillende verwysingsraamwerke benader word.

Die geskiedenis van die mens–dierband word gekenmerk deur kontradiksies: “Animals have been worshipped as gods, reviled as evil spirits, endowed with souls, or regarded as mindless machines...killed for food with careful respect but also slaughtered for sport...have been objects of terror or loathing (but)...taken into our homes and treated as if humans themselves” (Manning & Serpell, 1994:xi). Hierdie diversiteit in rolvervulling wat oor verloop van tyd ontstaan het, word ook deur Mithen (1999:201) omskryf: “But it was only in the last 100,000 years, and possibly just the last 30,000, that animals came to occupy that immensely diverse set of roles in our society that they have today: animals as sources of food; animals as companions; animals as the subject of stories, myths and paintings; animals as metaphors; animals as objects to abuse”. Die romantiese prentjie van mens–dierinteraksie, wat so dikwels deur die media en in die literatuur aan ons voorgehou word, verbloem die harde realiteite van hoe wreed daar in die verlede (Ritvo, 1994:106), en selfs vandag nog, teenoor diere opgetree word. Alhoewel die verhouding tussen mens en dier al soveel milleniums bestaan en in die proses soveel veranderings ondergaan het, het die laaste eeu die mees ingrypende veranderings en herdefiniëring van mens–dierinteraksie as studieveld tot gevolg gehad. Die idee dat diere, net soos mense, gevoelens en emosie besit, het in die Westerse kultuur sy beslag. Teen die laat sewentigerjare is die konsep van dierewaarneming- en gevoelsvermoë algemeen aanvaar en net deur 'n klein groepie fundamentaliste bevraagteken (Fogle, 1999:234).

Die paradoks in die verhouding tussen mens en dier wat egter steeds bestaan, word deur Swabe (1999:156) soos volg opgesom: “Most striking is how the cleft between ourselves and food-producing animals has grown as these animals have increasingly been accorded the status of machines through the development of the intensive farming practices that have been deemed necessary to meet ever-growing human food demand...”. Aan die ander kant kan die band met geselskapsdiere steeds hefter en meer omvangryk raak: “... we increasingly keep pets to satisfy our emotional, rather than material, needs and gain tactile comfort and trust from them which might not be found elsewhere in our modern lives”. Fogle (1999:238) voorspel dat hierdie kontradiksie in die verhouding tussen mens en dier in die toekoms nog groter sal word: “In the coming years these contradictions will increase. New

scientific information and discoveries about sentience will make our decisions about companion animals more, not less, difficult”.

Die 21^e eeu belooft dus nie om hierdie wanbalanse uit te wis nie. Die groeiende bevolking, demografiese verskuiwings, verandering en intensifisering van menslike behoeftes en lewenstyl, tegnologiese ontwikkeling, verstedeliking en siekte epidemies gaan al meer druk plaas op diere om aan die behoeftes van mense soos voedsel, byprodukte van diere, geselskap, gemak, status, veiligheid, gesondheid, navorsing en algemene lewenskwaliteit van die mens te voldoen.

Mens–dierinteraksie is by uitstek 'n multidisiplinêre studieveld. Die maatskaplike werker van die 21^e eeu sal 'n groter rol in die multidisiplinêre span moet vertolk. Die tyd is ryp vir die maatskaplikewerkberoep om sy perspektiewe tot hulpverlening so te verbreed dat dit die mens in sy verhouding tot sy omgewing insluit. Hier kan tereg verwys word na "environmental social work". Die mens ervaar lewenskwaliteit nie meer alleen in sy verhouding tot ander mense nie, maar ook in sy verhouding tot die groter omgewing. Positiewe mens–dierinteraksie is 'n belangrike komponent van die mens in sy natuurlike omgewing. Geselskapsdiere is nie alleen die mens se kontak met die natuur nie, maar bied ook stabiliteit in 'n veranderende lewensomgewing en geleentheid tot uitgebreide en alternatiewe verhoudings. Die mens ervaar nie meer alleen sin in die kerngesin nie, maar in 'n *netwerk van sinvolle verhoudings*, wat hom in staat stel om ten volle te leef. Hierdie verhoudings kan met ander mense, met diere, met die natuur, met 'n Opperwese, of selfs met 'iets', soos die rekenaar, wees.

Vir Maatskaplike Werk is die belang van mens–dierinteraksie geleë in sowel die terapeutiese waarde van geselskapsdiere, as in die rol wat hulle in menslike ontwikkeling kan speel. Die fokus vir die maatskaplike werker, as deel van die multidisiplinêre span, is op die bydrae wat mens–dierinteraksie kan lewer in die bevordering van lewenskwaliteit van mense. Reeds in 1987 het Netting, Wilson & New (1987:63) die rol van geselskapsdiere, om die lewenskwaliteit van maatskaplikewerkkliënte te bevorder, bevestig: "The social work professional is often searching for ways to improve the quality of life of persons who have overwhelming obstacles to overcome. To those clients who could benefit from an animal companion, a social worker may be able to facilitate a new, or support a long-established relationship, by being sensitive to what is occurring in the field of human-animal bonding and knowing what resources are available". Die waarde van geselskapsdiere vir Maatskaplike Werk as dissipline, word in hierdie studie aan die onderskeie diensterreine in Maatskaplike Werk gekoppel.

In 1988 is die studieveld van mens–dierinteraksie nog as 'n relatief nuwe rigting beskou deurdat dit eers: “... vir die die afgelope dekade 'n onderwerp van studie, bespreking en evaluering...” geword het (Odendaal, 1988:1). Daar het dus 'n behoefte ontstaan om 'n geheelbeeld van die nuwe rigting te vorm deur dit te omskryf en te definiëer. Konrad Z. Lorenz, 'n Oostenrykse Nobelpryswenner is aanvaar as die eerste persoon wat mens–dierinteraksie as 'n studieveld bekendgestel het, terwyl Boris Levinson in die sewentiger- en tagtigerjare die eerste persoon was wat die studieveld binne 'n bepaalde dissipline, naamlik Psigiatrie, toegepas het. Die studieveld het in dieselfde tydperk uitgebrei, toe wetenskaplik-gefundeerde studies deur die Corson-egpaar in 'n psigiatrisie inrigting gedoen is. Die tagtigerjare word beskou as die tydperk waarin die kennisontploffing in die studieveld plaasgevind het. Verskeie dissiplines het in hierdie tydperk betrokke geraak deur middel van navorsing, publikasies, projekte en byeenkomste. (Vergelyk Odendaal, 1989(a):169-171.) Die studieveld het in die laaste dekade steeds bly groei, tot so 'n mate dat daar tans ten minste 23 dissiplines of vakgebiede geïdentifiseer kan word wat direk of indirek hierby betrokke is. Ongelukkig het fragmentasie en spesialisasie die selfstandige ontwikkeling van die studieveld tot 'n groot mate gestrem, maar binne elk van hierdie dissiplines is belangrike bydraes gelewer wat in aanmerking geneem behoort te word.

Ten spyte van die betrokkenheid van soveel dissiplines, blyk multidisiplinêre samewerking tot dusver eerder die uitsondering as die reël te wees. Verskeie faktore kon hiertoe bygedra het, onder andere onkunde oor die rol van ander dissiplines en oorwaardering van die dissipline waarby elkeen self betrokke is, gebrek aan 'n holistiese benadering tot die studieveld, teenstellende waardes wat aan diere gekoppel word, onkunde oor die waarde van die mens–dierband en akademiese statusbewustheid. Midgley (1994:189) het oor laasgenoemde die volgende mening: “This impression about what is academically respectable still survives among many people, both learned and unlearned. In the social sciences, interdisciplinary feuding strengthened the sense of a gap between humans and other creatures”.

Die multidisiplinêre aard van die studieveld, die betrokkenheid van Maatskaplike Werk as dissipline hierby, uitgangspunte ten opsigte van multidisiplinêre samewerking, en die mate waarin mens–dierinteraksie as studieveld aan die kriteria vir selfstandigheid voldoen, is die fokus van hierdie ondersoek.

1.2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERSOEK

'n Besondere eienskap van die studieveld mens–dierinteraksie is die kombinasie tussen menswetenskappe en natuurwetenskappe. Hierdie kombinasie bied nie net uitdagings nie, maar stel ook spesifieke eise ten opsigte van multidisiplinêre samewerking (Odendaal, 1988:129 & 257). Samewerking tussen dissiplines word vanuit verskeie oorde bepleit. Die Witskrif vir Wetenskap en Tegnologie (1997), die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), die Witskrif vir Hoër Onderwys (1997), asook die fokusareas van die National Research Foundation (NRF) (2000:2), beklemtoon multidisiplinariteit, transdisiplinariteit, oop sisteme, samewerkende navorsing en 'n holistiese benadering ten opsigte van programme. Die Departement van Kuns, Kultuur, Wetenskap en Tegnologie het 1998 aangekondig as die “Year of Science and Technology” waarvan die slagspreuk: “Creativity without Boundaries”, ook verwys het na die oorsteek van grense tussen dissiplines en die paradigmaskuiwe wat nodig is vir wetenskapsontwikkeling. Die strategiese beplanningsdokument van die Universiteit van Pretoria, (Op pad na die Nuwe Millenium: 1998-2001), stel dit as een van die kernstrategieë om interdisiplinêre onderrig- en navorsingsprogramme te fasiliteer. Hierdie visie word deur deur Rektor van die Universiteit van Pretoria, Prof. Johan van Zyl, soos volg verduidelik: “Die kennisgedrewenheid en kennisafhanklikheid van ons wêreld het daartoe gelei dat opleidings- en leerbehoefes só kompleks geword het dat dit haas onmoontlik geword het om dit slegs deur middel van dissiplines, departemente en fakulteite te hanteer. Dié strukture sal vervang word deur 'n losser verband tussen die dissiplines in akademiese skole wat op multi- en interdisiplinêre temas gerig is” (Van Zyl, 2000:38).

Die oorsteek van grense sluit ook die grense tussen dissiplines in. Odendaal (1995:207) laat hom soos volg hieroor uit: “Daar is 'n behoefte aan 'n mate van integrasie en openheid tussen wetenskappe. Onbedreigde samewerking kan bewerkstellig word deur erkenning te verleen aan elkeen se bydrae en dit kan lei tot 'n verbreding van kennis oor 'n spesifieke onderwerp”. Arkow (1992:520) bepleit ook die fokus op raakvlakke eerder as op verskille: “Divisive single issues distract veterinarians and the humane field from recognizing more significant concerns in which both have common interests. Respectful disagreement on some issues should not interfere with cooperation in matters on which there is agreement”. Die werklike omvang en potensiaal van die studieveld kan alleen begryp word indien multidisiplinêre en interkulturele samewerking in die praktyk realiseer (Plous, 1993:45). Hierin lê die motivering van hierdie studie opgesluit, naamlik dat die studieveld van mens–

dierinteraksie verryk en verruim kan word deur samewerking tussen dissiplines wat direk en indirek daarby betrokke is. Die byeenbring van verskillende dissiplines kan veel meer geleentheid as bedreiging bied, omdat die eindproduk 'n sinergistiese effek sal hê. Elke dissipline beskik oor gespesialiseerde kennis en vaardighede wat bydra tot die sukses van die toepassing van die studieveld in die praktyk. Rowan (1989:7) stem hiermee saam as hy sê dat: "The excitement and enthusiasm found in this field of research endeavour is due, in part, to the mix of disciplines that are to be found applying their own particular approaches to understanding our paradoxical behavior towards animals".

Multidisiplinêre samewerking moet egter nie net die samevoeging of naasmekaarplasing van dissiplines wees nie. Gasparíková, Bakos, Pillay & Prinsloo (1996:6) waarsku teen hierdie skyn van multidisiplinariteit en is van mening dat die doel behoort te wees om nuwe metodes van samewerking en koördinering van navorsingsprojekte te bevorder en om programme, metodes en resultate vir die oplossing van gedeelde probleme daar te stel. Indien hierdie studie dus in sy doel slaag deur al die geïdentifiseerde dissiplines betrokke by die studieveld te betrek en 'n strategie vir multidisiplinêre samewerking daar te stel, sal dit 'n belangrike bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van mens-dierinteraksie as 'n multidisiplinêre studieveld. Multidisiplinêre samewerking word dikwels as 'n struikelblok vir die bevordering en spesialisasie van 'n dissipline ervaar. Gasparíková *et al.* (1996:7) is van mening dat die teendeel egter waar is: "... it is a natural counterpart and a necessary presupposition for their further development". Hulle stel dit voorts dat: "...convergent collaboration (should) be strengthened and the trend to divergency, isolation and particularism of various disciplines be weakened".

Die maatskaplikewerkprofessie is tradisioneel een wat suksesvol in multidisiplinêre spanverband funksioneer, maar nie altyd die erkenning daarvoor kry nie. Die waarde van hierdie ondersoek is dat dit die spesifieke plek en rol van die maatskaplike werker in die benutting van mens-dierinteraksie in die proses van hulpverlening identifiseer. Maatskaplikewerk, vanweë sy holistiese en sistemiese benadering tot hulpverlening, het 'n sleutelrol te vertolk in die bevordering van mens-dierinteraksie as studieveld, asook in die fasilitering van die proses van implementering van mens-dierinteraksieprogramme.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Die volgende probleme, ter bevordering van mens–dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld, word tans ervaar:

- ❖ Verskeie dissiplines is geïdentifiseer wat verskillende vlakke van betrokkenheid by die studieveld van mens–dierinteraksie het. 'n Leemte is dat die omvang van dissiplines betrokke, onbekend is. Elkeen van hierdie dissiplines lewer in 'n mindere of meerdere mate 'n bydrae tot die ontwikkeling van die studieveld, maar die afsonderlike bydraes is nie in omvang en diepte voldoende om die studieveld tot sy volle potensiaal te begelei nie. Alhoewel elke dissipline 'n eie, unieke invalshoek, en selfs uiteenlopende doelstellings ten opsigte van mens–dierinteraksie het, kan daar deur middel van multidisiplinêre samewerking kennisleemtes binne die afsonderlike dissiplines aangevul word. Odendaal (1995:207) stel dit ook as 'n probleem dat: “... die kunsmatige grense wat daar tussen dissiplines bestaan perspektief en kontekstuele denke beperk”.
- ❖ Die onderkeie dissiplines is nie ten volle op hoogte, of soms glad nie bewus, van al die ander rolspelers in die studieveld nie. Die leemte lê dus in die kommunikasie tussen dissiplines en gebrek aan forums vir onderlinge skakeling. Alhoewel die grootste groep internasionale wetenskaplike verenigings hulself posisioneer as multidisiplinêr, is die aard en omvang van multidisiplinêre samewerking onseker.
- ❖ Beperkings op die ontwikkeling van die studieveld is vervolgens geleë in die gebrek aan befondsing vir navorsing (Rowan, 1995:130) binne sowel die afsonderlike dissiplines as op multidisiplinêre vlak. Die opskrifstelling en publikasie van programme om mens–dierinteraksie te bevorder word as 'n verdere leemte geïdentifiseer. Alhoewel belangrike bydraes in sowel die *Anthrozoös* as in vaktydskrifte van ander dissiplines byvoorbeeld Sielkunde, Verpleegkunde, Opvoedkunde en Maatskaplike Werk gelewer word, word heelwat programme in praktyk geïmplementeer sonder volledige dokumentasie van die inhoud of sukses daarvan.
- ❖ 'n Verdere probleem blyk te wees dat daar steeds onkunde en verkeerde persepsies ten opsigte van die rol en waarde van geselskapsdiere bestaan, nie alleen binne die onderskeie dissiplines nie, maar ook binne breë samelewingsverband. Verskeie faktore het tot dusver hiertoe bygedra. 'n Gebrek aan kennis en blootstelling aan die voordele van positiewe mens–dierinteraksie speel beslis 'n rol. Nog 'n rede wat aangevoer kan

word is dat die verhouding tussen mense en diere dikwels op 'n emosionele en persoonlike wyse aangebied word omdat dit nie altyd moontlik is om affektiewe belewenisse op 'n kognitiewe wyse aan te bied nie. Odendaal (1988:8) en Rowan (1989:5) waarsku egter dat die waarde van sulke inligting vir die studieveld nie onderskat moet word nie.

- 'n Belangrike leemte is dat, ten spyte van die positiewe bydrae wat mens–dierinteraksie in die onderskeie diensterreine van Maatskaplike Werk lewer en die rol wat die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span kan speel, mens–dierinteraksieprogramme steeds onderbenut word. Maatskaplikewerkopleiding en -navorsing in hierdie studieveld is ook beperk.

1.4. DOEL VAN ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om die aard en omvang van mens–dierinteraksie as selfstandige studieveld binne multidisiplinêre verband vas te stel, en om na aanleiding daarvan 'n strategie voor te stel om sodoende die studieveld in Suid - Afrika te bevorder. Die doelwitte om bogenoemde te bereik, word soos volg gestel:

- 1.4.1 Om die onderskeie dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie te identifiseer en die aard van elk se betrokkenheid te omskryf, om daardeur te bepaal of mens–dierinteraksie wel 'n multidisiplinêre studieveld is. (Vergelyk Hoofstuk 2.)
- 1.4.2. Om die verskillende diensterreine in maatskaplike werk, waarby mens–dierinteraksie betrokke is, te identifiseer en daardeur die rol wat die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span kan speel, te illustreer. (Vergelyk Hoofstuk 3.)
- 1.4.3. Om vertrekpunte vir multidisiplinêre samewerking te bepaal wat as riglyne ter bevordering van die studieveld kan dien. (Vergelyk Hoofstuk 4.)
- 1.4.4. Om te bepaal in watter mate die studieveld reeds aan die vereistes vir selfstandigheid voldoen sodat leemtes in die proses van ontwikkeling geïdentifiseer word. (Vergelyk Hoofstuk 5.)

1.4.5. Om vanuit die gevolgtrekkings gemaak uit 1.4.1 - 1.4.4, aanbevelings te maak en 'n spesifieke strategie voor te stel, wat mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld in Suid-Afrika, sal bevorder.

1.5. NAVORSINGSVRAAG/HIPOTESE

In hierdie ondersoek word van 'n navorsingsvraag gebruik gemaak. De Vos (1998:115-116) onderskei tussen 'n navorsingsvraag en 'n hipotese soos volg: "Questions are posed about the nature of real situations, while hypotheses are statements about how things can be. Research questions are more relevant if the researcher works qualitatively, and a hypotheses when the researcher works quantitatively". 'n Hipotese word deur McBurney (1994:47) omskryf as: "...a statement that is assumed to be true for the purpose of testing its validity". 'n Hipotese wys op die verband tussen veranderlikes. In hierdie ondersoek word nie van 'n hipotese gebruik gemaak nie, omdat geen voorveronderstellings met betrekking tot mens-dierinteraksie as multidisiplinêre studieveld getoets word nie, en veranderlikes word nie teenoor mekaar gestel nie. In die gebruik van 'n verkennende ontwerp, is 'n navorsingsvraag, eerder as 'n hipotese, die mees aangewese. Die doel met die navorsingsvraag is: "...to narrow down the problem to a workable size" (De Vos & Van Zyl, 1998:267). Die navorsingsvraag word aangepas soos nuwe inligting oor die onderwerp bekom word: "While the initial question starts out broadly, it becomes progressively narrowed and more focused during the research process, as concepts and their relationships are discussed to be relevant or irrelevant" (De Vos & Van Zyl, 1998:268).

Die aanvanklike navorsingsvrae vir hierdie ondersoek was:

- ☛ Is mens-dierinteraksie 'n selfstandige studieveld?
- ☛ Is hierdie 'n multidisiplinêre studieveld?
- ☛ Is maatskaplike werk deel van hierdie span?

Met verloop van die literatuurondersoek het dit egter gou geblyk dat op al drie van hierdie vrae 'Ja' geantwoord kan word. Die navorsingsvrae is na aanleiding hiervan vernou en herformuleer as:

- ☛ Watter dissiplines is betrokke by die studieveld mens–dierinteraksie, en wat is die aard van elk se betrokkenheid?
- ☛ Wat is die omvang van maatskaplikewerk se betrokkenheid by die studieveld en rol in die multidisiplinêre span?
- ☛ Hoe behoort multidisiplinêre samewerking in die bevordering van die studieveld daaruit te sien?
- ☛ Tot watter mate voldoen die studieveld reeds aan die kriteria vir selfstandigheid?

1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die keuse tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is in die sosiale wetenskappe dikwels 'n onderwerp van debat. Dit blyk dat die tradisionele grense tussen die twee werkwyses, veral wat betref multidisiplinêre navorsing, vervaag het en dat hulle juis aanvullend tot mekaar benut kan word. Ten opsigte hiervan laat Schurman (1983:116) hom soos volg uit: "...the two approaches should not be viewed as being oppositional. Properly used, both can enhance our understanding of the world. In fact, in some studies they can be used in conjunction with each other in a complementary way. Qualitative methods may often lead to important understandings missed in quantitative research". Mouton (1996:40) sê dat die keuse in benadering deur die aard van die navorsingsprobleem bepaal word: "At the methodical and technical level, most researchers accept that quantitative and qualitative tools are compatible and that the choice for their inclusion in a particular project is determined by the specific research problem". Reeds in 1989 het Rowan (1989:4) 'n pleidooi gelewer dat argumente oor die waarde van kwalitatiewe vs kwantitatiewe benaderings nie die ontwikkeling in die studieveld van mens–dierinteraksie moet strem nie: "I would like to make a very strong plea that we do not allow the human–animal bond field to be disrupted by sterile arguments over the superiority of one or the other approach. The fact is that both approaches have weaknesses and strengths that tend to complement one another". Die komplimentêre aard van die twee benaderings word dus tot voordeel van hierdie ondersoek benut.

Alhoewel hierdie ondersoek oorwegend 'n kwalitatiewe benadering volg, word kwantitatiewe data benut ter ondersteuning van kwalitatiewe data. Die kombinering van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes word in die literatuur na verwys as "triangulation". "Triangulation"

impliseer dat verskillende verwysingsraamwerke benut word in die analisering van data (“theoretical triangulation”), ‘n verskeidenheid steekproeftrekkingstrategieë gebruik word (“data triangulation”), verskeidenheid ondersoekers gebruik word (“investigator triangulation”), of dat meer as een metode van data-insamelingsprosedures aangewend word (“methodological triangulation”) (De Vos, 1998:359). Die afleiding kan dus gemaak word dat in hierdie ondersoek daar sprake van sowel “data triangulation” as “methodological triangulation” is, omdat doelgerigte- én sneeubalsteekproeftrekking gebruik is, en omdat die onderhoudskedule kwalitatiewe én kwantitatiewe data ingesamel het. Hierdie mate van kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe data stem tot ‘n mate ooreen met die gemengde metode ontwerp (“mixed methodology design model”) soos deur Creswell (De Vos, 1998:361) voorgestel. “Triangulation” bevorder volgens Macun & Posel (1998: 129) betroubaarheid in die navorsingsproses: “...the problem of reliability...is best tackled through triangulation ...Therefore, rather than relying on any one research method to replicate the data produced by another, we can more fruitfully treat each method as providing complementary sorts of data”. Betroubaarheid is dus geleë in die kohesie of samehang van ‘n geïntegreerde antwoord op die navorsingsvrae.

Kwalitatiewe data is in hierdie studie gebruik om die aard en omvang van elk van die dissiplines se betrokkenheid by die studieveld te omskryf, die diensterreine in Maatskaplike Werk waar mens–dierinteraksie ‘n rol speel te identifiseer, die rol van die maatskaplike werker in die multidisiplinêre span te bepaal, en algemene beginsels vir multidisiplinêre samewerking daar te stel. Kwantitatiewe data is benut om die aantal dissiplines betrokke by mens–dierinteraksie te identifiseer, die omvang van multidisiplinêre bewustheid en samewerking vas te stel, en die studieveld aan die kriteria vir selfstandigheid te toets. Metodes van data-insameling is dus aangepas om sodoende eerstehandse kennis en ‘n oorsig van die studieveld te verkry. De Vos (1998:358) stel dit soos volg: “When working from a qualitative perspective the researcher attempts to gain a first-hand, holistic understanding of phenomena, and data collection gets shaped as the investigation proceeds...valid understanding can be gained through accumulated knowledge acquired first-hand by a single researcher”.

Die tydsduur en tydstop van die navorsing speel ‘n rol in die ontwerp en uitvoering van die studie omdat dit oorsaaklikheid en veralgemening raak (Babbie, 1992:99). In hierdie studie is gefokus op die situasie met betrekking tot die studieveld van mens–dierinteraksie soos dit tans daar uitsien binne die dissiplines (dus op ‘n gegewe oomblik in tyd), alhoewel die studieveld steeds in proses van ontwikkeling is. Hierdie tipe studie word na verwys as ‘n kruissektorale studie in teenstelling met ‘n longitudinale studie wat ontwerp is om

waarnemings oor 'n langer tydperk te maak en byvoorbeeld verandering te meet. Die kruissektorale opname metode word deur Royse (1991:120) beskryf as: “...a one-time survey (is) made with a randomly selected sample. The cross-sectional design allows a broad representation of the population and thus involves persons of all ages, incomes, and educational levels”. Alhoewel die studie wat hier onderneem is, 'n eenmalige opname is wat op 'n spesifieke tydperk fokus, is die steekproef nie ewekansig gekies nie. Die nie-waarskynlikheidsseleksie steekproefneming geld omdat sowel 'n doelgerigte steekproef, as 'n sneeubalsteekproef gebruik is.

1.7. SOORT NAVORSING

Die doel met die navorsingsprojek bepaal die soort navorsing wat onderneem word. Alhoewel dit die ideaal is om 'n navorsingsprojek binne een spesifieke teoretiese raamwerk aan te pak, word die mening gehuldig dat, indien die doel beter bereik kan word deur 'n kombinasie van soorte navorsing, oorweging daaraan geskenk behoort te word. Die kombinasie van soorte navorsing wat in hierdie studie gevolg is, het bepaalde voordele ingehou, maar kan ook as 'n leemte in dié navorsing gesien word.

Elemente van sowel basiese navorsing as ontwikkelingsnavorsing is van toepassing en word vervolgens verduidelik: Basiese navorsing bevorder die fundamentele kennisbasis van die sosiale wêreld (Neuman, 1997:21). Bailey (1994:24) stel dit dat: “Pure research (sometimes called 'basic research') involves developing and testing theories and hypotheses that are intellectually interesting to the investigator and might thus have some social application in the future, but have no application to social problems in the present time”. Neuman (1997:21) stem saam dat basiese navorsing beperkte toepassingswaarde het, maar is van mening dat die kennis en insig verkry deur middel van basiese navorsing dikwels as basis vir ander soorte navorsing kan dien: “...basic research provides a foundation for knowledge and understanding that are generalizable to many policy areas, problems, or areas of study. Basic research is the source of most of the tools – methods, theories, and ideas – that applied researchers use”. (Vergelyk ook Huysamen, 1993:35 en Fouché & De Vos, 1998:69). Die hoofdoel van hierdie studie was om die kennisbasis van die studieveld mens–dierinteraksie uit te bou, en dus 'n bydrae te lewer tot multidisiplinêre teorie-ontwikkeling wat as vertrekpunt vir praktykprogramme kan dien. Dit sluit aan by wat Bailey (1994:25-26) sê: “...the ultimate goal is a study that is helpful in solving social problems and at the same time makes a valuable contribution to the theoretical social-science literature”.

'n Sterk element van ontwikkelingsnavorsing is egter ook teenwoordig. Ontwikkelingsnavorsing het ten doel om deur middel van praktiese tegnologie, metodes te ondersoek om die uitdagings van die praktyk aan te spreek. Hierdie soort navorsing gaan van die standpunt uit dat kennis van 'n probleem alleen, nie voldoende is om toepaslike response teweeg te bring nie (Van Rooyen, 1994a:277). Die kennis wat dus tydens die ondersoekfase of fase van analise in die navorsingsproses opgedoen word, moet tot uiting kom in iets tasbaars of bruikbaar vir die praktyk. Die eindproduk van hierdie soort navorsing is konkreet, afgebaken en gestruktureerd, maar nie noodwendig afgehandel nie: “No social technology is necessarily complete or definite, but is perhaps best described as a set of guidelines for further development” (Van Rooyen, 1994a:277). Die tegnologie wat ontwikkel word, hoef dus nie die finale produk te wees nie, maar 'n produk wat beskikbaar gestel word vir verdere navorsing, byvoorbeeld evaluatiewe navorsing. Evaluering kan met ander woorde 'n fase in die proses van ontwikkelingsnavorsing wees, maar dit is nie 'n voorvereiste nie (Van Rooyen, 1994b:18). Hierdie stelling word ook deur Bernstein (1989:11) onderskryf: “...more usually...the developmental endeavour is confined to limited aspects of the process although it does include several related phases”. Die feit dat evaluering van die finale produk of tegnologie nie noodwendig deel van die navorsingsproses is nie, kan as een van die leemtes van hierdie soort navorsing gestel word (Van Rooyen, 1994a:281). Hierdie leemte word egter oorkom deurdat nuwe sosiale tegnologie juis 'n stimulus vir voortgesette navorsing op 'n spesifieke gebied kan wees. In geval van hierdie studie kan die uiteindelijke strategie wat voorgestel word ter bevordering van mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld, as stimulus vir verdere ondersoek dien.

Die sosiale tegnologie waarna in ontwikkelingsnavorsing verwys word, kan onder andere programme, strategieë, riglyne, metodes, prosedures, strukture of dienste insluit (Thomas, 1985:484 en Van Rooyen, 1994a:278 & 280). Navorsing oor mens-dierinteraksie as 'n selfstandige studieveld kan dus hierby gereken word. Die navorsingsresultate bied struktuur vir die omvang en inhoud van die studieveld, stel strategieë voor vir verdere ontwikkeling van die studieveld, bevorder multidisiplinêre samewerking, en dit is binne spesifieke dissiplines afgebaken.

Volgens Hofmeyr (1996:3) verskil ontwikkelingsnavorsing van ander soorte navorsing in die sin dat dit eerder fokus op die ontwikkeling van nuwe tegnologie as op die ontwikkeling van kennis. Die ontwikkeling van nuwe tegnologie en nuwe kennis hoef egter nie onderling uitsluitend te wees nie. Tegnologie word deur die Handboek vir die Afrikaanse Taal (1988) omskryf as: “Toepassing van kennis vir praktiese doeleindes”. Die bestaande kennis oor die

studieveld binne die onderskeie dissiplines word in hierdie geval saamgegroepeer en toegepas op die praktyk van mens–dierinteraksie. Bailey (1987:23) omskryf ontwikkelingsnavorsing as 'n sistematiese aktiwiteit waardeur bestaande kennis, wat deur middel van navorsing en/of praktiese ondervinding opgedoen is, benut word. In hierdie studie word nie primêr gefokus op die soeke na nuwe kennis nie, maar is die doel om reeds bestaande kennis te sistematiseer om daardeur strategieë of riglyne vir die praktyk voor te stel. Die inligting met betrekking tot reeds bestaande kennis word in hierdie studie verkry vanuit resultate van navorsingsondersoeke en gevallestudies uit al die geïdentifiseerde dissiplines. Dit word egter nie uitgesluit dat nuwe kennis wel deur middel van die ondersoek gestimuleer word nie. Hierdie kennis kan benut word vir voortgesette navorsing.

1.8. NAVORSINGSONTWERP

Navorsingsontwerpe volg mekaar op 'n kontinuum van beskrywende- en verkennende ontwerpe op, wat ten doel het om hipoteses te genereer, tot eksperimentele ontwerpe wat poog om die oorsaaklike verbande tussen veranderlikes te demonstreer. Die plek waar die ontwerp op die kontinuum geplaas word, bepaal egter nie sy wetenskaplike bydrae nie: "...it would be wrong to conclude that the former designs are of lesser scientific value than the latter. Carefully conducted and theoretically informed descriptive research can make important scientific contributions, whereas poorly conceived and conducted quasi-experiments can be scientifically worthless" (Garrity & Stallones, 1998:11&14).

Die verkennende ontwerp is in hierdie studie gevolg. Die ontwerp van 'n navorsingsprojek is: "... the plan that ties the data collected, to the questions or hypothesis posed at and, thus, ties the data to the conclusions that will be drawn" (Boyd, Westfall & Stasch, 1989:107). Die keuse van 'n navorsingsontwerp word volgens Babbie (1992:89) en Royse (1991:43) deur twee sleutelvrae bepaal, naamlik wat dit is wat jy wil vasstel, en wat is die beste metode om dit vas te stel. In hierdie ondersoek is die doel om onder andere uit te vind wat die aard en omvang van mens–dierinteraksie as multidisiplinêre studieveld is. Die verkennende ontwerp is die beste metode om die doel te bereik omdat relatief min navorsing oor hierdie onderwerp bekend is. Sowel Grinnell & Williams (1990:140) as Royse (1991:44) is van mening dat die verkennende ontwerp in so 'n geval die toepaslikste is. Die studieveld van mens–dierinteraksie is voorts relatief nuut (as selfstandige studieveld slegs sowat 20 jaar) en is dit die doel om die studieveld verder te verken sodat beter idees en insigte na vore kan kom. Hierdie mening sluit aan by wat Babbie (1992:90) stel as die doel van die verkennende ontwerp: "This purpose is typical when a researcher is examining a new interest or when the

subject of study is itself relatively new and unstudied". Royse (1991:44) is van mening dat die waarde van verkennende navorsing juis hierin geleë is: "Their value derives from the new insights they provide or the unanswered questions they generate for future research". Bless & Higson-Smith (1995:42) lê ook klem daarop dat die doel met verkennende navorsing: "...to gain insight into a situation, phenomenon, community or person", is.

Die doel van verkennende navorsing is voorts om bestaande konsepte te verfyn deur 'n proses van verkenning (Babbie, 1992:90), en om daardeur 'n begin te maak of die basis te lê vir verdere ontwikkeling op die gebied. (Vergelyk ook Mouton, Marais, Prinsloo & Rhodie, 1989:43; Grinnell & Williams, 1990:140 en Mouton, 1996:103.) Arkava & Lane (1983:20) stel dit soos volg: "... (it) might examine the feasibility of a more careful study, or might construct a new technique for getting better data". Van der Walt, Strydom, Marx & Jooste (1996:155) sluit hierby aan en is van mening dat: "Deur verkenning kan die navorser die vae konsep in meer duidelik afgebakende prioriteite, wat die finale navorsingsontwerp ook sal verbeter, omskryf".

Van der Merwe (1996:295) is van mening dat verkennende studies op die verkenning van 'n relatief onbekende terrein fokus, en vat die *oogmerke* en *metodes* van verkennende navorsing soos volg saam: Die *oogmerke* kan wees om:

- ☛ nuwe insigte oor die verskynsel in te win;
- ☛ as 'n voorondersoek tot meer gestruktureerde studie te dien;
- ☛ sentrale konsepte en konstrukte te verduidelik;
- ☛ prioriteite vir verdere navorsing vas te stel; en
- ☛ nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Metodes waardeur verkennende navorsing gedoen kan word, is:

- ☛ 'n oorsig van bestaande, toepaslike literatuur;
- ☛ 'n opname onder mense wat ervaring van die probleem het; en
- ☛ 'n ontleding van insig-stimulerende voorbeelde.

Hierdie oogmerke en metodes sluit tot 'n baie groot mate aan by die proses wat in hierdie studie gevolg is. Ten eerste is 'n oorsig oor die verskynsel van mens-dierinteraksie deur middel van uitgebreide literatuurstudie verkry, wat gelei het tot nuwe insigte met betrekking tot die aanvanklike navorsingsvrae. 'n Opname is onder mense, wat spesifiek in die studieveld werk of 'n belangstelling daarin toon, gedoen om die uiteindelijke navorsingsvrae verder te ondersoek. Sowel die literatuurstudie as die opname het insig-stimulerende voorbeelde na vore gebring. Hipoteses vir verdere navorsing is ontwikkel deurdat 'n raamwerk of riglyn vir die bevordering van mens-dierinteraksie as selfstandige multidisiplinêre studieveld voorgehou word. Hierdie riglyn moet egter nog uitgetoets word, en word die volledige proses van ontwikkelingsnavorsing nie deurloop nie.

Alhoewel heelwat literatuur oor die onderwerp van mens-dierinteraksie bestaan, is dit nie in Suid-Afrika saamgegroepeer binne 'n selfstandige studieveld nie. Kennis oor die onderwerp is verspreid tussen ten minste 23 dissiplines. Die rede vir die keuse van hierdie ontwerp is dus ook om 'n vertrekpunt vir multidisiplinêre navorsing oor die studieveld daar te stel, deurdat literatuur oor die studieveld gekonsolideer word.

Die doelstellings van verkennende navorsing, soos deur Neuman (1997:20) gestel, korreleer tot 'n groot mate met die doelstellings van hierdie studie. Die fokus van albei is om onder andere te bepaal wie almal betrokke is by die navorsingsprobleem, 'n volledige beeld te vorm van wat tans die situasie is, soveel moontlik idees te genereer vir die ontwikkeling vir dit wat veronderstel word, om die lewensvatbaarheid van verdere navorsing te bepaal, om vrae te formuleer en te verfyn vir meer sistematiese ondersoeke en daardeur rigting te gee vir verdere navorsing. Babbie (1992:90) sluit hierby aan as sy die doel van verkennende navorsing stel as 'n behoefte om beter begrip vir iets te bevredig, om die uitvoerbaarheid van 'n meer noukeurige studie te toets en om metodes vir verdere ondersoek te ontwikkel.

Alhoewel die verkennende ontwerp die sleutelrol in hierdie ondersoek speel, is daar ook elemente van 'n ander ontwerp teenwoordig: Die situasie soos hy tans daar uitsien met betrekking tot die betrokkenheid van die onderskeie dissiplines word ook beskryf, en is die beskrywende ontwerp volgens Babbie (1992:92), Rosnow & Rosenthal (1993:13), Bailey (1994:40) en Mouton (1996:102) ook van toepassing. Die verskynsel word nie in diepte beskryf nie maar raakpunte, of die verhouding tussen die onderskeie dissiplines, word wel geïdentifiseer. Omdat 'n beskrywende navorsingsontwerp ten doel het om antwoorde te verskaf op vrae soos wie, wat, waar en hoe van 'n onderwerp (Neuman, 1997:19-20 en Van der Walt *et al.*, 1996:156) sluit dit tog aan by die navorsingsdoelwitte van hierdie ondersoek.

Vrae wat hier gevra word is byvoorbeeld: Wie is almal betrokke? Wat is die aard van betrokkenheid? Hoe kan dit saamgebind word om die studieveld van mens–dierinteraksie te bevorder? Navorsingsontwerpe kan mekaar dus natuurlik opvolg op 'n kontinuum, byvoorbeeld deurdat 'n situasie eers verken word en na aanleiding van die resultate daarvan beskryf word.

1.9. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Die prosedures wat gevolg is om data in te samel bestaan uit 'n kombinasie van literatuuroorsigte, onderhoude en in 'n mindere mate gevallestudies. Hierdie prosedures blyk veral toepaslik te wees by verkennende navorsing. Volgens Mouton *et al.* (1989:43) en Van der Walt *et al.* (1996:156) is hierdie prosedures veral toepaslik by verkennende navorsing aangesien die fokus op die verkryging van insig en verwerwing van begrip is eerder as akkurate, repliseerbare data. Neuman (1997:19) stel dit dat in die geval van verkennende navorsing, alle moontlike bronne van inligting benut moet word juis omdat die veld van ondersoek so wyd is en alles wat verband kan hou met die onderwerp potensieël belangrik is: “Exploratory researchers are creative, open-minded, and flexible; adopt an investigative stance; and explore all sources of information”. Omdat hierdie ondersoek multidisiplinêr van aard is, is die prosedures van data-insameling nie beperk nie.

1.9.1. LITERAATUURSTUDIE

Die literatuurstudie lewer 'n kernbydrae tot hierdie studie. Literatuurstudie is 'n deurlopende proses, vanaf die aanvang van die navorsing tot en met die finalisering daarvan. Juis omdat mens–dierinteraksie 'n studieveld is wat vinnig ontwikkel, moet die navorser heeltid op hoogte bly van die nuutste ontwikkeling om daardeur te verseker dat die uiteindelige resultate relevant is. Huysamen (1994:191) beklemtoon die noodsaaklikheid hiervan en stel dit dat: “It is the researcher’s responsibility to keep abreast of research reported on his or her topic up to at least the time that the research report is concluded. This practice will prevent the research from being outdated or irrelevant the moment it is released. In this sense, the literature research on a topic is a never ending process”.

Die doel met 'n literatuurondersoek is, volgens Bless & Higson-Smith (1995:23), onder andere: “To sharpen and deepen the theoretical framework...taking an interdisciplinary perspective where possible. To familiarize the researcher with the latest developments in

the area of research, as well as in related areas. To determine what has already been done and what is yet to be studied or improved. To discover connections, analogies or other relations between different research results...” Dit sluit aan by wat Arkava & Lane (1983:25) stel as die funksies van literatuurnavorsing, naamlik om te voorkom dat ‘n herhaling van navorsingsresultate plaasvind, om insig in die kompleksiteit van die probleem te ontwikkel en om inligting te versamel met betrekking tot die teoretiese vertrekpunte, metodes en prosedures wat deur ander navorsers op die gebied gevolg is. Literatuurstudie is veral belangrik in multidisiplinêre navorsing.

Uitgebreide literatuurstudie is in hierdie ondersoek gedoen ten opsigte van die aard en omvang van die onderskeie dissiplines se betrokkenheid by mens–dierinteraksie. Die identifisering van dissiplines het die basis gevorm van die res van die navorsingsproses. Eers nadat al die dissiplines geïdentifiseer is, kon ondersoek ingestel word na die aard en omvang van multidisiplinêre samewerking en die bydraes wat die onderskeie dissiplines lewer in die ontwikkeling van die studieveld. Aangesien mens–dierinteraksie slegs ‘n komponent binne elke dissipline vorm, en dikwels ‘n baie klein komponent is, was dit ‘n tydrowende proses om binne die groot geheel na die spesifieke te soek. Omdat daar met soveel dissiplines gewerk is, is rekenaarsoektogte verder vertraag.

Literatuur is nie net die resultaat van formele navorsing en praktykontwikkeling op ‘n gebied nie, maar bied ook insig in die mens se betrokkenheid by sy leefwêreld en die opskrifstelling daarvan. Alhoewel die bestudeerde bronne hoofsaaklik wetenskaplik van aard is, kan die bydrae van enkele nie-wetenskaplike bronne soos populêre tydskrifte en mediapublikasies, tot die bereiking van die doel met hierdie hoofstuk, nie buite rekening gelaat word nie.

1.9.2. ONDERHOUDE

Omdat binne die verkennende ontwerp ‘n klein steekproef van toepassing is, is van persoonlike onderhoude gebruik gemaak. Aangesien hierdie ondersoek op ‘n relatief onbekende studieveld fokus en oor dissiplinêre grense beweeg, was dit die mees bruikbare metode van data-insameling. ‘n Voorafgesprek met elk van die respondente is gevoer om te bepaal of hulle wel kennis dra van mens–dierinteraksie as studieveld en of hulle gemotiveerd is om deel te neem aan die ondersoek. (Vergelyk Mouton, 1996:154.) Kriteria vir deelname aan die ondersoek was die volgende:

- ☛ belangstelling in die studieveld deur byvoorbeeld lidmaatskap aan 'n vereniging of deelname aan georganiseerde gesprek;
- ☛ betrokkenheid by navorsing in die studieveld;
- ☛ betrokkenheid by mens–dierinteraksieprogramme of projekte; en
- ☛ betrokkenheid by opleiding in die studieveld.

'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule is benut. Dane (1990:128) stel dit dat die omvang van struktuur wat aan die onderhoud verleen word, die struktuur van die meetinstrument sal bepaal: “Survey instruments that are essentially orally administered are called schedules, and they pose a high degree of structure on the interview”. Kvale (1996:129) omskryf 'n onderhoudskedule soos volg: “An interview guide indicates the topics and their sequence in the interview. The guide can contain just some rough topics to be covered or it can be a detailed sequence of carefully worded questions. For the semistructured type of interview discussed here, the guide will contain an outline of topics to be covered, with suggested questions”. Hy sê voorts dat dit van die tipe navorsingsontwerp, asook die oordeel en takt van die onderhoudvoerder sal afhang, of daar streng by die opeenvolging van vrae gehou word en of die antwoorde verder opgevolg word. Om die temas en volgorde van vrae te bepaal is die onderhoudskedule na afloop van uitgebreide literatuurstudie, en met inagneming van die gestelde doelwitte vir die studie, saamgestel. Die onderhoudskedule bestaan uit vier afdelings wat elk 'n gestelde doelwit verteenwoordig.

'n Nadeel van persoonlike onderhoude is dat dit tydrowend en duur is, en ook beïnvloed kan word deur die onderhoudvoerder (Grinnell & Williams, 1990:212 en Neuman, 1997:253). Onderhoude moet baie goed beplan word om te verhoed dat 'n respondent herhaalde kere besoek moet word, of dat die onderhoudvoerder deur eksterne faktore beïnvloed word. Hierdie probleem kan tot 'n mate hanteer word deur telefoniese onderhoude of onderhoude per elektroniese media (e-pos) te voer, maar die beste beheer wat oor die onderhoud verkry kan word, is deur middel van die weldeurdagte ontwerp van die onderhoudskedule Schurink, Schurink, & Poggenpoel (1998:318) stel die volgende voorwaardes vir die benutting van 'n onderhoudskedule: “Before designing the interview guide or schedule, the concepts to be investigated need to be defined clearly. Furthermore, critical questions, i.e. questions that capture the intent of the study, should be identified. The concepts to be discussed need to be broad but limited to four or five topics”. Geleentheid vir die opvolg van antwoorde en aanmoediging vir verdere uitbreiding op antwoorde, moet gebied word. Direkte onderhoude

hou die voordeel in dat die respondent eers op sy gemak gestel kan word, groter konfidensialiteit ter sprake is, die onderhoudvoerder beter beheer oor die benutting van die beskikbare tyd het, en nie-verbale boodskappe opgevolg kan word.

Volgens Bless & Higson-Smith (1995:107-108) moet daar 'n onderskeid getref word tussen nie-geskeduleerde, ongestruktureerde onderhoude en nie-geskeduleerde, gestruktureerde onderhoude. Eersgenoemde word benut waar die navorsingsvrae nie ingeperk ("narrowly defined") kan word nie en elke respondent 'n unieke bydrae vanuit 'n spesifieke verwysingsraamwerk kan lewer. Die onderhoudvoerder het dus die geleentheid om aanmoedigende ("probing") vrae te vra en antwoorde te klarifiseer. Indien meer gedetailleerde inligting benodig word met die doel om vergelykings tussen response te tref, sal die nie-geskeduleerde, gestruktureerde onderhoud benut word. Spesifieke vrae word vooraf geformuleer, maar dit staan die onderhoudvoerder vry om addisionele vrae te formuleer indien nodig. Respondente kry die geleentheid om hul eie antwoorde te formuleer of situasies te omskryf, en word nie gedwing om uit reeds geformuleerde antwoorde te kies nie. Die tipe onderhoud wat in hierdie ondersoek gebruik is, kan dus omskryf word as 'n nie-geskeduleerde, gestruktureerde onderhoud. Alhoewel reeds geformuleerde antwoorde beskikbaar was om vanuit te kies, maak die skedule voldoende voorsiening vir eie menings van die respondente.

1.9.3. GEVALLESTUDIES

Gevallestudies verwys na die ontleding van: "...insig-stimulerende voorbeelde" (Mouton *et al.* 1989:43) en praktiese ervaring van mense wat kan lei tot insig en begrip van die navorsingsprobleem. Gevallestudies van programme en projekte oor mens-dierinteraksie is 'n waardevolle bron van inligting vir die identifisering van die dissiplines betrokke by die studieveld. Rowan (1990:5) is van mening dat die waarde van gevallestudies as metode van data-insameling tot 'n groot mate onderbenut word in navorsing oor mens-dierinteraksie. Die ontwikkeling van die studieveld oor die afgelope dekade word onder andere in gevallestudies gereflekteer en korreleer met een van die doelwitte van die gebruik van gevallestudies soos deur Bless & Higson-Smith (1995:44) gestel: "...to collect data over a considerable period of time... to analyse the development of a phenomenon".

Volgens Boyd *et al.* (1989:106) word gevallestudies veral by verkennende navorsing gebruik en is dit van besondere waarde: "... when one is seeking help on a problem in which interrelationships of a number of factors are involved, and in which it is difficult to understand

the individual factors without considering their relationships with each other". Gevallestudies word veral bestudeer met die doel om die volgende vas te stel: eienskappe wat by al die gevalle in die groter groep voorkom, eienskappe wat nie by almal voorkom nie maar wel by sekere subgroepe, en eienskappe wat uniek tot 'n sekere geval is (Boyd *et al.*, 1989:107). In hierdie ondersoek was gevallestudies dus bruikbaar om vas te stel wat die onderskeie dissiplines in gemeen het met betrekking tot mens–dierinteraksie, watter eienskappe uniek tot sekere dissiplines is en in watter gevalle mens–dierinteraksie net op 'n uitsonderlike geval van toepassing is.

Die belangrikste voordele van gevallestudies is volgens Boyd *et al.* (1989:108) die feit dat daar deur middel van 'n gevallestudie 'n geheelbeeld van die situasie verkry kan word en dat die werklike situasie beskryf word en nie net 'n abstraksie van die werklikheid soos in die geval van 'n statistiese analise nie. Die grootste nadeel is daarin geleë dat dit moeilik is om formele metodes van waarneming, meting en analise te ontwikkel. Objektiviteit word hierdeur gestrem en daar kan ook nie sondermeer vanaf hierdie data veralgemeen word nie.

In hierdie ondersoek is hoofsaaklik van gevallestudies wat in die literatuur omskryf is gebruik gemaak, maar die onderhoudskedule het ook voorsiening gemaak vir die insluiting van voorbeelde en praktykervarings van respondente.

1.10. VOORONDERSOEK

Die hoofdoel van 'n voorondersoek is om die uitvoerbaarheid en potensiële waarde van die ondersoek te bepaal. Die voorondersoek stel die navorser in staat om moontlike bedreigings betyds te identifiseer en strategieë daar te stel om die probleme te voorkom. Die voordele van 'n voorondersoek word deur Bless & Higson-Smith (1995:43) soos volg saamgevat: "... it is often useful to assess the feasibility of a research project, the practical possibilities to carry it out, the correctness of some concepts, the adequacy of the method and instrument of measurement by doing a pilot study". Huysamen (1993:205) beklemtoon ook die belangrikheid daarvan om die uitvoerbaarheid van 'n studie vooraf te bepaal en moontlike bedreigings betyds te identifiseer. Die voorondersoek kan uit verskillende aksies bestaan naamlik 'n literatuurstudie, ondervinding van kundiges of spesialiste op die navorsingsgebied, 'n voorlopige verkennende studie en 'n intensiewe studie van strategiese eenhede (Strydom, 1998:179-182).

1.10.1. LITERATUURSTUDIE

Die doel met 'n literatuurstudie tydens die voorondersoek is slegs om as oriëntering te dien, en nie om 'n volledige oorsig oor die terrein van ondersoek te gee nie. Strydom (1998:179) stel dit soos volg: “The purpose is rather to orientate him to, for instance, the question of whether literature on the specific subject actually exists, what kind of literature it is and whether it is freely available. The purpose remains the broad orientation of the researcher”. In hierdie ondersoek is die literatuurstudie vertraag deur die feit dat die studieveld van mens–dierinteraksie deur verskillende dissiplines verteenwoordig word, asook die feit dat verskillende terminologie vir dieselfde onderwerp gebruik word. Veral rekenaarsektoegte is deur hierdie probleem gestrem.

1.10.2. KONSULTASIE MET KUNDIGES

Die waarde van konsultasie met kundiges is dat hulle eerstehandse inligting, meestal vanuit eie praktykervaring, kan bied wat kan help om die situasie soos hy tans daar uitsien te beskryf en om te bepaal wie almal daarby is. Daar word egter ook gewaarsku teen die beperkings in die benutting van kundiges, naamlik dat eksperimentele leer gebaseer word op die beperkte verwysingsraamwerk van 'n persoon en dat persepsieverskille 'n realiteit is (Arkava & Lane, 1983:8). Strydom (1998:180) waarsku daarteen dat die navorser verwar kan word omdat kundiges dikwels vanuit 'n gespesialiseerde verwysingsraamwerk praat en die studie in 'n spesifieke rigting kan beïnvloed. Die navorser moet dus reeds oor voldoende literatuurkennis, asook die doelwitte van die studie beskik, alvorens van hierdie metode gebruik gemaak is. In Suid-Afrika is die kundiges op die gebied van mens–dierinteraksie egter beperk. 'n Interdepartementele Forum vir Mens–dierinteraksie is in 1998 deur die navorser gestig, waarby akademici van verskillende departemente aan die Universiteit van Pretoria en Technikon Pretoria, wat 'n belangstelling in die studieveld toon, betrek word. Hierdie gespreksforum bied geleentheid om op gereelde basis gedagtes te wissel oor die multidisiplinêre aard van die studieveld, en om resente navorsing en programme op die gebied van mens–dierinteraksie te identifiseer.

1.10.3. BYWONING VAN INTERNASIONALE KONGRES

Die bywoning van die Agtste Internasionale Kongres oor Mens–dierinteraksie in Oos-Europa in September 1998, was 'n belangrike geleentheid tot kontakmaking met kundiges en bron van inligting. Referate uit verskillende dissiplines is gelewer. Die inhoud van referate wat gelewer is, is 'n aanduiding van die rigting waarin hierdie studieveld internasionaal beweeg.

1.10.4. VOORLOPIGE VERKENNENDE STUDIE

Tydens die voorlopige verkenning van die studie word onder andere die doelstellings, doelwitte, beskikbare hulpbronne, die populasie en prosedures van data- insameling ondersoek. Die aard van die navorsingsprobleem, die omvang van die kennis en ondervinding waaroor die navorser reeds beskik, asook die kwaliteit en kwantiteit van inligting reeds beskikbaar, sal die omvang en diepte van die voorlopige studie bepaal (Strydom, 1998:181). Die voorlopige literatuurstudie, kontak met kundiges tydens en na afloop van die internasionale kongres, inhoud van kongresmateriaal en interdepartementele gespreksgeleenthede is benut om die doelwitte van die studie te formuleer.

1.10.5. STUDIE VAN STRATEGIESE EENHEDE

Tydens die vooronderzoek is dit essensieël om op 'n klein skaal die meetinstrument/e op 'n verteenwoordigende groep vanuit die populasie te toets. Strydom (1998:182) is van mening dat die studie van 'n strategiese eenheid: "... implies that he (researcher) should expose a few cases to exactly the same procedures as planned for the main investigation, in order to modify the measuring instrument". Respondente moet nie alleen die geleentheid kry om aan die meetinstrument onderwerp te word nie, maar moet ook die geleentheid gegee word om kommentaar te lewer oor enige aspek van die ondersoek as sodanig. Hoe meer leemtes tydens hierdie aksie uitgewys word, hoe meer slaggate word vermy vir die uiteindelijke ondersoek. Die onderhoudskedule is vooraf met drie persone, wat nie aan die empiriese ondersoek deelgeneem het nie, maar wel kennis dra van die onderwerp, getoets. Na afloop hiervan is die onderhoudskedule aangepas.

1.11. OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Volgens Arkava & Lane (1983:27) moet daar onderskei word tussen die begrippe populasie en universum. Universum verwys na: “...all potential subjects who possess the attributes in which the researcher is interested...”, terwyl populasie meer beperkend verwys na: “...individuals in the universe who possess specific characteristics”. Bless & Higson-Smith (1995:85) gebruik die terme populasie en universum as sinoniem en omskryf dit as volg: “The entire set of objectives and events or group of people which is the object of research and about which the researcher wants to determine some characteristics”. (Vergelyk ook Neuman, 1997:202-203 en Strydom & De Vos, 1998:190.) Laasgenoemde menings word ondersteun, en daarvolgens word die populasie in hierdie studie gesien as: Al die persone in Suid-Afrika wat betrokke is by die studieveld mens–dierinteraksie en wat een van die 23 geïdentifiseerde dissiplines verteenwoordig.

‘n Steekproef verwys na die spesifieke eenheid van analise in die populasie, of soos Bless & Higson-Smith (1995:86) dit stel: “The subset of the whole population which is actually investigated by a researcher and whose characteristics will be generalized to the entire population”. Bailey (1994:83) stel dit só: “The objects of study are called the units of analyses ...the sum total of all the units of analyses is called the population or universe”. In geesteswetenskaplike navorsing is individue dikwels die eenhede van analise, veral in terme van hul lidmaatskap van ‘n sekere sosiale groepering, aldus Babbie (1992:93). Geïdentifiseerde persone binne elk van die dissiplines wat direk betrokke by mens–dierinteraksie is, kan dus as ‘n eenheid van analise beskou word. In so ‘n geval sal die individu steeds die eenheid van analise bly en nie noodwendig die dissipline wat hy/sy verteenwoordig nie. Om die vlak van betrokkenheid by mens–dierinteraksie in elk van hierdie dissiplines te verken, sal die groter groep as eenheid van analise beskou moet word (Babbie, 1992:94), omdat daar gemeenskaplike belang binne elke dissipline is.

‘n Nie-waarskynlikheidseleksie steekproef is gebruik omdat die grense van die betrokke universa onbekend is (Hofmeyr, 1996:7 en Neuman, 1997:205). Doelgerigte steekproeftrekking (Neuman, 1997:206) is gebruik om een geskikte persoon, binne elk van die dissiplines wat deur middel van die literatuurstudie uitgewys is, te identifiseer. Hierdie proefpersone is op grond van hul bestaande kennis van, betrokkenheid by of belangstelling

in mens–dierinteraksie gekies. Die sneeubaltegniek (Neuman, 1997:207) is as volgende stap gebruik om 'n persoonlike verwysing na nog een proefpersoon binne elke dissipline te kry om uiteindelik 'n steekproef van 46 op te maak.

Die grootste leemte van die nie-waarskynlikheidseleksie steekproefneming is dat daar nie sonder meer vanaf die steekproef na die populasie veralgemeen kan word nie. Hierdie leemte kan egter tot 'n mate oorkom word deurdat doelgerigte steekproefneming: “...is composed of elements which contain the most characteristic, representative or typical attributes of the population” (Strydom & De Vos, 1998:198).

Die voorwaardes vir die gebruik van doelgerigte steekproefneming word deur Strydom & De Vos (1998:199-200) gestel as dat: “...the researcher must first compile a list of names by means of careful questioning in the community until he has a sufficient number of respondents by carefully explaining the purpose and value of the study to them”. Buigbaarheid aan die kant van die navorser is dus belangrik. Die sneeubaltegniek verwys na “... approaching a single case who is involved in the phenomenon to be investigated, to gain information on other similar persons. In turn this person is again requested to identify further people who may make up the sample” (Strydom & De Vos, 1998:200). 'n Kombinasie van doelgerigte steekproefneming en die sneeubaltegniek is benut, deurdat een respondent uit elk van die dissiplines (n=23) doelgerig gekies is, en deur 'n verwysing van elkeen van hulle nog een respondent binne elke dissipline (n=23) geïdentifiseer is. 'n Totaal dus van 46 respondente.

Om al die dissiplines betrokke by die studieveld te identifiseer is essensieël vir die ondersoek en kan as voorloper tot bogenoemde twee metodes van data insameling dien. Strydom & De Vos (1998:199) identifiseer die dimensionele steekproef (“dimensional sample”) wat ten doel het “... to specify all variables in the population which are of interest to the investigation, and see to it that each dimension is represented by at least one case”. Indien die onderskeie dissiplines wat tydens die literatuurnavorsing geïdentifiseer is, as veranderlikes in die ondersoek beskou word, is hierdie tegniek van data-insameling ook van toepassing omdat elke dissipline verteenwoordig word in die ondersoek.

1.12. DEFINISIE VAN HOOFKONSEPTE

1.12.1. MENS–DIERINTERAKSIE

Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:34) omskryf interaksie as 'n dinamiese verhouding tussen individue en/of groepe onderling, of tussen hulle en die omgewing en wat gepaard gaan met 'n proses van wederkerige beïnvloeding. Mens–dierinteraksie dui volgens Odendaal (1988:79) op 'n simbiotiese verhouding wat daar tussen mense en diere bestaan. Mens–dierinteraksie verwys na 'n dinamiese proses van wedersydse betrokkenheid waardeur bepaalde behoeftes by sowel die dier as die mens bevredig word. Diere sal hoofsaaklik geselskapsdiere impliseer omdat die besondere band wat tussen mense en geselskapsdiere bestaan die oorsprong en fokus van hierdie studieveld is.

Mens–dierinteraksie as studieveld kan dus omskryf word as:

Die multidisiplinêre studie van die dinamiese interaksie tussen mense en geselskapsdiere binne 'n spesifieke sisteem en met 'n bepaalde doel voor oë.

Vir doeleindes van hierdie studie verwys die term mens–dierinteraksie hoofsaaklik na interaksie tussen mense en *geselskapsdiere*.

1.12.2. MENS–DIERINTERAKSIEPROGRAM

Die HAT (1988:861) omskryf program as: “a. Geskryf waarin werksaamhede wat volgens 'n bepaalde plan verrig sal word, opgesom word; b. Plan waarvolgens iets aangepak, uitgevoer word” of ook “'n Beginselverklaring”. Die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:40) verwys na 'n maatskaplikewelsynsprogram as: “Bepaalde reeks maatskaplikewerkhandelinge en ander aktiwiteite gerig op die verbetering van die maatskaplike funksionering van voorafbepaalde teikengroepe in 'n spesifieke diensveld”.

In hierdie studie sal die term mens–dierinteraksieprogram gebruik word om te verwys na:

Enige aktiwiteite, aksies of projekte waarin die interaksie tussen mense en geselskapsdiere die fokuspunt is en met 'n spesifieke doel aangewend word.

Daar sal nie 'n onderskeid getref word tussen terapeutiese en ontwikkelingsgerigte programme nie, aangesien dit nie die kriteria vir die selfstandigheid van 'n studieveld beïnvloed nie.

Twee verwante begrippe wat hier vermelding verdien, en tans internasionaal erken word, is:

1.12.2.1. Geselskapsdiergefasiliteerde terapie/"Animal Assisted Therapy" (AAT)

Van die eerste omskrywings van AAT is voorgehou deur Corson & Corson (1978:195) onder die naam "Pet-facilitated psychotherapy (PFP)". Hulle omskryf dit as: "PFP represents an attempt to utilize carefully selected and well-trained healthy pet animals as resocialization ego-strengthening catalysts in human interactions...PFP (is) an effective instrument for developing meaningful nonverbal and verbal communication and resocialization and as an adjunct and stepping-stone to other forms of therapy and to reasonably independent functioning". Volgens Bernard (1995:11) is AAT "...the use of properly screened and trained companion animals to help people with special needs". Burch, Bustad, Duncan, Fredrickson, & Tebay (1995:58) omskryf AAT as: "...a goal-directed intervention in which an animal is used as an integral part of the treatment process. The therapy is directed or delivered by a health service professional with specialised expertise... the results of AAT are both observable and measurable".

Geselskapsdiergefasiliteerde terapie is dus:

Die doelgerigte en doelbewuste benutting van spesifiek geselekteerde geselskapsdiere as terapeutiese intervensie in die totale behandelingsprogram van 'n kliënt/pasiënt of groep.

1.12.2.2. Geselskapsdiergefasiliteerde aktiwiteite/"Animal Assisted Activities" (AAA)

Burch *et al.* (1995:58) maak 'n duidelike onderskeid tussen AAT en AAA en omskryf laasgenoemde soos volg: "AAA provide opportunities for motivational, educational, recreational, and/or therapeutic benefits to enhance quality of life and are delivered in a variety of therapeutic environments by a specifically trained professional or volunteer, in

association with animals...the results of AAA may often be characterised by happy times and good feelings...” Dit blyk dat die onderskeid wat Burch *et al.* tussen AAA en AAT tref, geleë is in die meting van resultate. Volgens hulle is die resultate van AAT meetbaar en waarneembaar teenoor die van AAA wat slegs gebaseer is op positiewe belewenisse. Hierdie twee komponente is egter nie noodwendig onderling uitsluitend nie. Positiewe belewenisse wat bydra tot die kwaliteit van lewe (soos in hul definisie van AAA weergegee) kan ook waargeneem word en kan ook meetbaar wees byvoorbeeld deur middel van kwalitatiewe metodes van meting soos selftevredenheidskale, waarneming van verandering in gedrag en houdingskale.

Die *Standards of Practice for AAA and AAT* van die Delta Society (Hines & Fredrickson, 1998:25-26) tref die volgende onderskeid:

”**AAT** is a goal-directed intervention in which an animal meeting specific criteria is an integral part of the treatment process. AAT is designed to promote improvement in human physical, social, emotional and/or cognitive functioning. AAT is provided in a variety of settings and may be group or individual in nature. The process is documented and evaluated. AAT is provided by a health or human service professional who includes an animal as part of his/her practice. Specific goals for each client have been identified by the professional, and progress is measured and recorded”.

“**AAA** provide opportunities for motivational, informational, and/or recreational benefits to enhance quality of life. AAA are delivered in a variety of environments by a specially trained professional, paraprofessional, and/or volunteer in association with animals that meet specific criteria. AAA involve animals visiting people. The same activity can be repeated with different people, unlike therapy that is tailored to a particular person or medical condition”.

Geselskapsdiergefasiliteerde aktiwiteite verwys dus na:

Enige aktiwiteit waarin spesifiek geselekteerde geselskapsdiere benut word om die lewenskwaliteit van geïdentifiseerde teikengroepe te bevorder.

1.12.3. STUDIEVELD

Volgens die HAT (1988:1102) is 'n studieveld die gebied of omvang van iemand se studie. Studieveld kan ook verwys na 'n spesialiteitsrigting of vakgebied. Die term 'dissipline' word dikwels as sinoniem tot studieveld gebruik. Die HAT (1988:158) beskryf dissipline as 'n: "Onderdeel van 'n wetenskap". Kockelmans (1979:127) omskryf dissipline as: "A branch of learning or a field of study characterized by a body of intersubjectively acceptable knowledge, pertaining to a well-defined realm of entities, systematically established on the basis of generally accepted principles with the help of methodical rules or procedures".

Mens–dierinteraksie as studieveld omsluit dus:

Die totale omvang van navorsing, teoretiese onderbou en praktyktoepassing waarvan die fokus die interaksie tussen mense en diere is.

1.12.4. MULTIDISSIPLINÊR / INTERDISSIPLINÊR

Vir doeleindes van hierdie studie word die terme multidisiplinêr en interdisiplinêr sinoniem tot mekaar gebruik. Daar kon uit die omskrywings wat volg nie 'n duidelike verskil tussen die twee begrippe geïdentifiseer word nie. Dit blyk ook dat daar in die literatuur verskil in mening hieroor is. 'n Multidisiplinêre span verwys volgens Chafetz, West & Ebbs (1988:131-132) na: "...a functioning unit, composed of individuals with varied and specialized training, who coordinate their activities to provide services to a client or group of clients". Volgens Schlesinger (1985:225) verwys 'n multidisiplinêre span na 'n: "...small working group with a commonly exposed purpose, differentiated roles and ongoing communication processes". Van Vuuren (1997:9) lê ook klem op kommunikasie tussen dissiplines as belangrike element van multidisiplinariteit in die volgende omskrywing: "A multidisciplinary approach recognizes diverse disciplinary identities. What counts as recognition cannot be understood adequately until members of these disciplines articulate and justify in public discussion what is relevant to separate and cooperative treatment in typical cases." Dit blyk egter dat 'gemeenskaplikheid' die kernelement in die meeste omskrywings is soos ondersteun deur Louw (1997:38): "If a multi-disciplinary procedure is to function effectively, participants should share a common view of the nature of the human being..."

Die Oxford Encyclopedic English dictionary (1991:739) definieer interdisiplinêr as: “of or between more than one branch of learning” en die Random House Dictionary of the English Language (1983:993) as: “combining or involving two or more academic disciplines or fields of study” asook “combining or involving two or more professions, technologies, departments“. Lovas & Vyroost (1996:223) verwys na interdisiplinêre navorsing as: “...a type of research in which different perspectives related to scientific disciplines are applied and unified for the study of specific problems”. Kockelmans (1979:127) verwys na interdisiplinêre werk as: “Scientific work done by one or more scientists who try to solve a set of problems whose solution can be achieved only by integrating parts of existing disciplines into a new discipline”.

Scott (1979:307) onderskei tussen interdisiplinêr as: “The mingling of several disciplines traditionally distinct in such a way as to create a unified product: a course, a paper, or even a curriculum. If the result is substantial and gains wide acceptance, a fresh discipline may be established” en multidisiplinêr as: “The mingling of several disciplines traditionally distinct in such a way as to maintain their seperateness, even though they may be associated”.

Leathard (1994:6) gebruik die term multiprofessioneel en omskryf dit as ‘n span van individue met verskillende opleidingsagtergronde, wat gemeenskaplike doelwitte het en wat verskillende bydraes, maar wat aanvullend tot mekaar is, lewer.

‘n Multidisiplinêre studieveld verwys dus na:

Die byeenbring van en samewerking tussen spesifiek geïdentifiseerde dissiplines met ‘n gemeenskaplike belang en unieke bydrae tot die uitbouing van die studieveld.

1.12.5 STRATEGIE

Die woord strategie is afgelei van die Griekse woord ‘strategos’ wat beteken: “...generalship, art of the general, or more broadly, leadership” en wat verwys na die aksies wat geneem word om by ‘n bepaalde doel uit te kom en daardeur die missie van die onderneming te bereik (Migliore, Stevens, Loudon & Williamson, 1995:22 & 102). Sissors & Petray (1976:149) gee die volgende omskrywing: “A strategy is a series of actions, usually planned

ahead of time, to accomplish specific and stated goals. Whenever there are alternative ways of accomplishing a goal, then there is the need for strategy”.

Strategiese ontwikkeling is sowel 'n wetenskap as 'n kuns: “The scientific aspect deals with assembling and allocating the resources necessary to achieve an organization’s objectives...The art of strategy is mainly concerned with effective utilization of resources...” (Migliore *et al.*, 1995:102).

'n Strategie verwys dus na:

‘n Plan waarmee daar in ‘n spesifieke rigting beweeg word om ‘n bepaalde doel te bereik, met inagneming van sowel interne sterkpunte en leemtes as eksterne geleenthede en bedreigings. ‘n Strategie moet egter ten alle tye as ‘n middel tot ‘n doel gesien word en nie net as die beginpunt of eindpunt van ‘n plan nie. Strategie vorm alleenlik die verwysingsraamwerk waarbinne en waarvandaan gewerk moet word. Vir doeleindes van hierdie studie sal strategie verwys na: **Die voorgestelde plan van aksie om mens–dierinteraksie as multidissiplinêre selfstandige studieveld in Suid-Afrika te bevorder, met inagneming van beskikbare hulpbronne.**

1.12.6 GESELSKAPDIERE

Geselskapsdiere word in die literatuur en die volksmond ook na verwys as huisdiere (“domestic animals”) of troeteldiere (“pets”). Baenninger (1995:70) gee die volgende omskrywing: “Domestic animal species are those whose breeding, rearing, care, and final disposition are largely under human control”. Serpell & Paul (1994:129) verwys na ‘pets’ as: “...animals that are kept primarily for social or emotional reasons rather than for economic purposes, and the recent adoption of the term ‘companion animal’ as an alternative to ‘pet’ emphasizes this distinction”. Shoda (1997:1) spekulêer dat die woord “pet” afgelei is van die Skotse dialek in die Middeleeue, naamlik “pety” wat beteken klein, of die Franse woord “petit” met dieselfde betekenis. Hy sê voorts dat geselskapsdiere 'n wye verskeidenheid spesies kan insluit: “Dogs and cats are representative of animals we consider pets, but the list of such animals is highly diverse and includes rabbits, bantams, canaries, parakeets,

goldfish and tropical fish. Recently, some people have started to refer to these pets that are raised with care and share the owners' life by the term 'companion animals'.

Swabe (1999:161) verkies die woord "small animals", omdat mens-dierinteraksie gekenmerk word deur uiterstes. In die geval van negatiewe interaksie soos mishandeling en eksploitasie is die term "companion" volgens hom onvanpas: "...this term (companion animals) can be far from appropriate in describing the role and status of small animals in human society both past and present".

Geselskapsdiere verwys dus na:

Diere wat as belangrike ander in die mens se lewe gereken word en met wie daar in positiewe interaksie getree word.

1.13. UITVOERBAARHEID EN BEPERKINGS VAN DIE STUDIE

Die uitvoerbaarheid van 'n ondersoek word volgens Rubin & Babbie (1993:102) bepaal deur die omvang van die studie, die tyd wat dit sal neem om uit te voer, die fiskale koste, etiese implikasies en die mate van samewerking van persone wat by die studie betrek word. Die uitvoerbaarheid van 'n studie word egter ook bepaal deur die keuse van die navorsingsontwerp en prosedures.

Die belangrikste tekortkoming van die verkennende ontwerp volgens Babbie (1992:91) is dat dit selde bevredigende antwoorde bied op navorsingsvrae en alleenlik maar insig bied in die metodes wat gevolg kan word om meer spesifieke antwoorde te verkry. Die rede hiervoor is die kwessie rondom verteenwoordiging. 'n Klein steekproef is binne elk van die geïdentifiseerde dissiplines betrek wat nie verteenwoordigend van die dissipline is nie. Die steekproef van 45 persone kan egter wel as verteenwoordigend van die mense wat in Suid-Afrika betrokke by die studieveld mens-dierinteraksie is, beskou word.

Die keuse van die eenhede van analise kan die gevaar inhou van 'n ekologiese denkfout, deurdat afleidings ten opsigte van die individu byvoorbeeld gebaseer word op die inligting verkry of waarnemings gemaak ten opsigte van die groep en omgekeerd (Babbie, 1992:97). Die navorser was dus daarop bedag om nie individue binne 'n dissipline wat betrokke is by

mens–dierinteraksie sondermeer as verteenwoordigend van daardie dissipline te aanvaar nie.

Die eerste fase van die ondersoek, naamlik die literatuurnavorsing, het heelwat meer tyd in beslag geneem as waarvoor beplan is. Omdat literatuur oor meer as 23 dissiplines verspreid is, het dit intensiewe en kreatiewe speurwerk vereis om die mees geskikte data te identifiseer en te onttrek oor so 'n wye veld. Die beskikbaarheid van literatuur is, teen die verwagting in, oorweldigend. Die leemte bestaan dus dat nie al die beskikbare literatuur bestudeer kon word nie en dat die keuse van bronne berus het op onmiddellike beskikbaarheid of gesigswaarde. Hierdie subjektiewe keuse van bronne hou die gevaar in dat meer relevante bronne oorgesien kon word.

Die tyd wat dit geneem het om die empiriese deel van die ondersoek te doen, is bepaal deur die beskikbaarheid van geïdentifiseerde respondente en het gestrek vanaf Junie 2000 tot September 2000. Hierdie tydperk is kort genoeg om te verhoed dat verandering in kennis of houding oor die onderwerp by respondente kon plaasvind.

Die koste van die ondersoek is verswaar deur die metode van steekproeftrekking en afstand tussen respondente. Doelgerigte- en sneeubalsteekproeftrekking impliseer dat die geskiktheid van die respondent groter gewig dra as die koste-implikasies van 'n persoonlike onderhoud. Die identifisering van die mees geskikte respondente (wat dus aan die kriteria vir seleksie voldoen), het tyd en telefoonkoste verhoog. Hierdie metode van steekproeftrekking het egter ook die uitvoerbaarheid van die ondersoek vergemaklik, omdat samewerking van persone wat by die studie betrek is baie positief beleef is.


Etiese implikasies hou onder andere verband met die basiese regte van die respondente; moontlike fisiese-, emosionele- of –psigiese skade; oortreding van die wet; anonimiteit, privaatheid en vertroulikheid; ingeligte keuse en diskriminasie. (Vergelyk Neuman, 1997:445-454 en De Vos, 1998:24-27.) Afsprake vir onderhoude is slegs gemaak nadat die doel van die ondersoek en kriteria vir seleksie aan die potensiële respondente gestel is (kyk Bylae 1: Onderhoudskedule), en die respondent ingestem het tot 'n onderhoud. Slegs die dissipline wat deur die respondent verteenwoordig is, is op die onderhoudskedule aangetoon en nie die naam van die respondent nie. Ander identifiserende inligting is slegs gevra indien die respondent aangedui het dat hy/sy belangstel in die resultate van die ondersoek en na die doktrale seminaar genooi wil word. Die aard van die vrae het persoonlike opinies oor mens–dierinteraksie as studieveld geëksploreer, dus het geen vrae die risiko van emosionele- of psigiese skade ingehou nie. Onderhoude is op kantoor of tuis

by respondente gevoer. Respondente is dus geensins blootgestel aan fisiese of finansiële skade nie. Geen mens–dierinteraksieprogramme of -projekte is direk by die ondersoek betrek wat die reg tot privaatheid of vertroulikheid van pasiënte, of die regte van diere kon oortree nie.

1.14. HOOFSTUKINDELING

Die indeling van die navorsingsverslag word volgens die uurglas analogie van Dane (1990:213) gestel. Dane (1990:213) beskryf die uurglas analogie soos volg: “The introduction begins leading the reader from very general issues to successively more specific issues until the results, the center point of the article, are presented. Then, the reader is led back from the very specific results to the most general implications of the results”. Die struktuur van die verslag word vervolgens skematies voorgestel:

FIGUUR 1 Skematiese voorstelling van die hoofstukindeling



1.15. SAMEVATTING

Alhoewel die verhouding tussen mens en dier al soveel milleniums bestaan, het wetenskaplike ontwikkeling op dié gebied 'n nuwe era ingelei. 'n Veranderende lewenstyl en lewensomgewing, asook 'n herdefiniëring van die mens-dierband en die intrinsieke waarde van diere, het daartoe gelei dat die studieveld mens-dierinteraksie vandag wye belangstelling in sowel die akademie as die praktyk geniet.

Vir Maatskaplike Werk is die studieveld van belang omdat positiewe mens–dierinteraksie sowel terapeutiese as ontwikkelingswaarde het, en dus 'n bydrae kan lewer tot die bevordering van lewenskwaliteit van verskillende teikengroepe. Die mens ervaar lewenskwaliteit binne 'n netwerk van sinvolle verhoudings, waarby die verhouding met geselskapsdiere ingesluit kan word. Die maatskaplike werker word geïdentifiseer as dié persoon wat 'n leidende rol kan speel ter bevordering van positiewe mens–dierinteraksie.

Die studieveld van mens–dierinteraksie hou direk verband met die ontstaan en ontwikkeling van die mens–dierband. Die multidisiplinêre aard van die studieveld kan reeds afgelei word uit die verskillende benaderings wat in die literatuur ten opsigte van die ontwikkelingsproses na vore kom. Van die belangrikste bydraes met betrekking tot die historiese ontwikkeling van die mens–dierband, kom vanuit die argeologie, antropologie, filosofie, sielkunde en veeartsenykunde.

Mens–dierinteraksie is by uitstek 'n multidisiplinêre studieveld. Benewens die bydraes van die onderskeie dissiplines tot die omskrywing van die ontstaan en ontwikkeling van die studieveld, kon daar in die literatuur ten minste 23 dissiplines, wat betrokke by die studieveld is, geïdentifiseer word. Die selfstandige ontwikkeling van die studieveld is ongelukkig gestrem deur spesialisasie en fragmentasie. Verskeie faktore het daartoe gelei dat multidisiplinêre samewerking op die gebied van opleiding, navorsing en praktykprogramme, steeds die uitsondering as die reël is.

Die doel van die ondersoek is om die aard en omvang van mens–dierinteraksie as selfstandige, multidisiplinêre studieveld te bepaal, en om na aanleiding daarvan 'n strategie voor te stel om die studieveld in Suid-Afrika te bevorder.

'n Holistiese benadering is gevolg deurdat kwalitatiewe data as basis vir die studie aangebied word, maar waar van toepassing word dit met kwantitatiewe data ondersteun. Eienskappe van sowel die verkennende as die beskrywende ontwerpe is teenwoordig: die situasie soos dit tans daaruit sien word beskryf, sodat beter begrip en insig vir die omvang van die probleem en uitdagings wat gestel word, verken kan word. Die soort navorsing ter sprake is sowel basiese- as ontwikkelingsnavorsing, aangesien die teoretiese onderbou van die studieveld uitgebou word, maar ook dat die uitdaging vir die praktyk, naamlik die multidisiplinêre ontwikkeling van die studieveld, deur middel van praktiese riglyne aangespreek word. 'n Nie-waarskynlikheidseleksie steekproef is gebruik om 46 proefpersone te identifiseer met wie persoonlike onderhoude gevoer is.